**LAERSKOOL KRUGERPARK**

# LAERSKOOL KRUGERPARK RUGBY BELEID

## 1. Doelstelling

1.1 Om Laerskool Krugerpark se seuns ook op die rugbyveld basiese beginsels van sportmanskap soos deursettingsvermoë aan te leer en die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid by die leerlinge in te skerp.

1.2 Om rugbyseuns te motiveer om aan die merkwaardige sport deel te neem.

## 2. Doelwitte

2.1 Om die leerders se vaardighede en potensiaal t.o.v. rugby te ontwikkel.

2.2 Om liefde vir die spel aan te moedig.

2.3 Om goeie sportmangees te ontwikkel.

## 3. Organisasie

### 3.1 Afrigters

3.1.1 Onderwysers

* Alle onderwysers wat betrokke is by rugby moet sy taak met volle oorgawe verrig.
* Moet saam met die Rugbyorganiseerder en voorsitter komitees spankeuses tot voordeel van die skool en ook van rugby maak sonder om enige kind te benadeel.
* Moet in goeie gees saam met ander betrokkenes werk om sodoende 'n eenheidsgevoel te bewerkstellig.
* Moet die spangees aanmoedig.
* Daar moet gepoog word dat indien moontlik 'n onderwyser as hoofafrigter van elke span sal optree.

3.1.2 Buite Afrigters (Ouers)

* Kan gebruik word om behulpsaam te wees met afrigting.
* Buite afrigters mag as hoofafrigter optree waar daar geen onderwyser is nie maar by 'n span waar sy seun nie betrokke is nie.
* Buite afrigters kan egter as hulpafrigter of spanbestuurders by 'n span aangestel word waar hul seuns betrokke is.
* Sodanige afrigter moet die totale groep spelers in die betrokke span waarvoor hy/sy verantwoordelik is, afrig.
* Afrigters se prestasie sal jaarliks geëvalueer word voor heraanstelling vir 'n volgende termyn.
* Afrigters se lojaliteit teenoor leerlinge en die skool is van kardinale belang.
* Afrigters moet verkieslik tydens skoolure (indien verlang) behulpsaam wees met afrigting.

* Sodanige afrigter is ondergeskik aan die Rugbykomitee t.o.v. spankeuses en rugbyorganiseerder t.o.v. aangeleenthede rakende Rugby by die skool.
* Afrigters moet nou saamwerk om 'n gees van eenheid te bewerkstellig- of laasgenoemde moet 'n absolute strewe van alle partye (afrigters, ouers en seuns) wees.

## 3.2 Skeidsregters

3.2.1 Gradering van skeidsregters

* Skeidsregters is verplig om minstens een keer in twee jaar te gradeer soos bepaal deur die LBBRU.

3.2.2 Eksamen

* Alle afrigters en skeidsregters moet jaarliks aan die skeidsregters eksamen deelneem om sodoende op hoogte te bly van die reëls wat geld.

3.2.3 Opleiding van voornemende skeidsregters deur bekwame persone.

* Alle nuwe skeidsregters moet praktiese opleiding ontvang in vriendskaplike wedstryde om sodoende praktiese ondervinding op te doen.

3.2.4 Praktiese gradering.

* Skeidsregters moet sover moontlik jaarliks aan die praktiese gradering deelneem.

## 3.3 Komitees

### 3.3.1 Rugby komitee

Laerskool Krugerpark se rugby komitee bestaan uit die volgende lede:

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Alle afrigters en hulpafrigter van spanne
- Verteenwoordiger van beheerliggaam
- Bulletjie rugby voorsitter en organiseerder

Die voorsitter en ondervoorsitter word jaarliks tydens die bosberaad vanuit die lede gekies wat die beraad bywoon.

### 3.3.2 Spankomitee

Elke span kies 'n voorsitter vanuit die ouers by sy span.

Die voorsitters van al die spanne wat gekies word dien saam op 'n komitee wat verantwoordelik is vir spanaangeleenthede onder voorsitterskap van die rugbykomitee voorsitter.

### 3.3.3 Tugkomitee

Die tugkomitee sal bestaan uit die rugbykomitee.

Die bevindings en besluite van die komitee sal finaal wees.

## 3.4 Oefeninge

Oefentye van die spanne word jaarliks tydens die Bosberaad bepaal.

## 3.5 Wedstryde

3.5.1 Vriendskaplike wedstryde

Vriendskaplike wedstryde word deur die rugbyorganiseerder met toestemming van die hoof gereël. Dit word waar moontlik op die kwartaalprogram aangedui. Alle spelers word d.m.v. 'n brief in kennis gestel van sy deelname aan die betrokke wedstryd.

Soveel moontlik wedstryde moet vir speler gereël word ter voorbereiding vir die seisoen.

**Vir alle tuiswedstryde word die volgende gereël:**

- Reël verversings
- Noodhulp
- Klankstelsel
- Water / koeldrank vir halftyd
- Vlaggies
- Ontvangs van eregaste
- Parkering vir motors en busse
- Kleedkamers: naamborde rigtingaanwysers
- Wedstrydrooster van wedstryde en skeidsregters word so gou moontlik aan besoekende skole gestuur.

**Tydens besoek aan ander skole:**

Die volgende inligting moet deur afrigters aan rugbyorganiseerder deur gegee word:

- Hoeveel seuns per span van busvervoer gebruik sal maak.
- Naamlys van seuns wat van busvervoer gebruik sal maak.

Afrigters moet die volgende inligting byderhand hou:

- Afrigters moet lys van name hê van seuns wat van eie vervoer gebruik maak.
- Elke afrigter moet sorg dat sy seuns se vrywaringsvorms by hom is in geval van nood.

Rugbyorganiseerders moet die volgende inligting aan die skool deurgee:

- Aantal spanne
- Afrigters en skeidsregters wat van busvervoer gebruik wil maak.
- Skeidsregters wat sal optree.

3.5.2 Liga wedstryde

* Die skool skakel in by die Limpopo Blou Bulle Rugbyunie se grootskole liga. Die skool behou die reg voor om te besluit teen watter skole ons wil speel en of ons teen hulle onderskeie A- of B-spanne gaan speel ten einde opvoedkundig verantwoordbaar te wees.
* Die getalle van beskikbare spelers asook beskikbare afrigters sal bepaal hoeveel spanne ingeskryf word.
* Die spanne wat ingeskryf kan word sal soos volg wees:
    - 0/9 A en B
    - 0/10 A en B
    - 0/11 A en B
    - 3de span
    - 2de span
    - 1ste span
* B-spanne sal waar moontlik geakkommodeer word.
* Enige 0/13-seun en 0/12-seun is geregtig om in die 3de, 2de of 1ste span te speel indien hy volgens meriete deur die afrigter(s) verkies is.
* -0/9, 0/10 en 0/1- spanne mag geen ander ouderdomme in hulle spanne opneem nie.

### 3.6 Proewe (kies van spanne)

- Proewe sal aan die begin van die seisoen gehou word om spanne te kies.
- Keurders vir die proewe sal bestaan uit die afrigters van spanne sowel as voorsitters van verskillende spanne.
- Ouerverteenwoordigers het geen stemreg by proewe nie en kan slegs insette lewer tot die afrigters.
- Spanlyste van spanne moet so gou moontlik deurgegee word sodat laer spanne kan weet watter seuns getrek is vir bepaalde wedstryde.
- Spelers moet sover moontlik op wedstrydvertonings beoordeel word.
- Vriendskaplike wedstryde word gereël om keuses van die span te finaliseer.
- Reserwes moet speel kans by laer spanne kry om te speel tydens vriendskaplike wedstryde.

### 3.7 Jaarprogram aan ouers en afrigters

Briewe moet met die aanvang van die seisoen aan die ouers gestuur word waarin alle reëlings deurgegee word. Die volgende inligting moet in skrywe wees:

* Oefentye
* Alle voorlopige wedstryddatums.
* Enige ander belangrike datums en reëlings.

Enige reëlings wat verander moet skriftelik en vroegtydig deurgegee moet word.

## 3.8 Reëls van Spelers

3.8.1 Gedragskode

- Die gedrag en optredes van ouers, onderwysers, afrigters en leerlinge moet altyd onberispelik wees op, langs en van die veld.
- Waar optrede/gedrag onaanvaarbaar is, sal stappe teen die seun geneem word.
- In gevalle waar 'n speler hom skuldig maak aan onaanvaarbare gedrag kan sodanige speler deelname aan verdere wedstryde geweier word.
- Geen speler mag hom voor 'n wedstryd onttrek behalwe met grondige rede nie.
- Spelers wat nie opdaag vir 'n wedstryd sonder geldige rede nie stel hom bloot aan onmiddellike skorsing aan verdere wedstryde vir die betrokke jaar.

3.8.2 Reserwes

- Reserwes moet tydens vriendskaplike wedstryde die kans gebied word om te speel.
- Dit bly egter die afrigter se keuse indien hy van reserwes gebruik wil maak tydens liga wedstryde speel kans te gee nie

## 3.9 Spanstrukture

**A. Span-uitleg**

- Rugbyspanne bestaan uit vyftien (15) spelers en sewe (7) reserwes.

**B. Spankeuse**

- Die sterkste moontlike span word vir die liga wedstryde gekies.
- Reserwes mag slegs op die veld gaan indien daar 'n besering is.

## 3.10 Pligte

3.10.1 Organiseerder

- Die organiseerder is verantwoordelik vir die organisatoriese aspekte van ligas/wedstryde/byeenkomste in samewerking met die afrigters.
- Die organiseerder wys die afrigters/skeidsregters/beamptes aan.
- Die organiseerder stel die begroting op in samewerking met die afrigters en bespreek dit met die hoof.
- Die organiseerder moet reël dat die bane/velde voorberei word vir wedstryde/byeenkomste. Die voorbereiding van die veld/bane is die verantwoordelikheid van die rugbyorganiseerder in samewerking met mans personeel en terreinbestuurder.
- Die organiseerder stel die oefentye vas in samewerking met die rugbykomitee.
- Die organiseerder kontroleer die afrigters ten opsigte van oefentye.

- Die organiseerder is verantwoordelik vir die uitslae/verslag aan die hoof vir die terugrapportering in die saal.
- Die organiseerder woon ook die Streek 1 vergadering asook Algemene Jaarvergadering by soos nodig.

3.10.2 Magte/Pligte

- Om jaarliks 'n Algemene Jaarvergadering te belê. (Voor die aanvang van die Rugby seisoen.)
- Om tydens bogenoemde vergadering, waar ouerinsprake moontlik is, beleidsvergaderings voor te stel, indien nodig moet enige beleidsvergaderings egter deur skoolbestuur bekragtig word.
- Om op hoogte van Rugby se wedstryd bepalings vir die seisoen te wees.
- Om toe te sien dat alle veranderinge ten opsigte van die Rugby beleid by die skool geïmplementeer word.
- Om toe te sien dat daar geen onreëlmatighede in soverre dit Rugby by die skool aangaan, sal plaasvind nie.
- Om toe te sien dat die eiendom en Rugbytoerusting van die skool met die nodige sorg hanteer en opgepas word.
- Om al die Rugby wedstryde by Laerskool Krugerpark op 'n professionele wyse aan te bied.
- Om leerlinge vir die streek 1 proewe te nomineer.
- Om Laerskool Krugerpark se Gedragskode te onderhou.

**VOORRAAD**

- Die Rugbyorganiseerder moet toesien dat daar 'n volledige inventaris gehou word van alle rugbytoerusting by die skool.
- Kontrole van voorraad vind elke jaar voor die Begroting vir die volgende jaar plaas.
- Die rugbyorganiseerder reël die vervoer van spelers/deelnemers en voltooi ook die dokumentasie vir toestemming van die Onderwysdepartement.

3.10.3 Afrigters

- 'n Afrigter neem volle verantwoordelikheid vir sy haar span.
- Elke afrigter moet 'n lys hê van die leerders wat by die betrokke span oefen.
- Die afrigter moet sorg dra dat hy op hoogte is van die nuutste reëls en afrigtingstegnieke.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die opwarming, fiksheid en afrigting van sy span.
- Die afrigter moet toesien dat kleredrag van spelers volgens voorskrif is.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die evaluering van spelers met die oog op die maak van spankeuses.

- Afrigters moet ten alle tye voorbereid en met regte kleredrag by die oefeninge en wedstryde opdaag.
- Afrigters moet drie keer per week afrig. Die afrigtings sessies moet ten minste een uur per keer duur.
- Afrigters moet wedstryde waaraan sy span deelneem, bywoon.
- Afwesigheid by oefeninge en wedstryde moet met die organiseerder gereël word.
- Alle onderwysers en ouers wat as afrigters optree moet die reëlbespreking bywoon.
- Die afrigter en hulpafrigter besluit oor die plasing spelers asook die posisie waarin hy gaan speel.
- Alle navrae oor die plasing van spelers moet aan die spanvoorsitter deurgegee word.
- Indien daar nie genoeg onderwysers is om al die spanne af te rig nie, mag daar van afrigters van buite of ouers gebruik gemaak word.

3.10.4 Skeidsregters

- Skeidsregters van Laerskool Krugerpark sal altyd professioneel geklee wees.
- Skeidsregters van Laerskool Krugerpark moet altyd betyds by wedstryde wees en sy verpligtinge as skeidsregter tydens wedstryde nakom.

## 3.11 Noodhulp

3.11.1 Wedstryde

Daar moet ten alle tye tydens wedstryde noodhulp teenwoordig wees soos bepaal deur die LBBRU.

3.11.2 Oefeninge

Noodnommers moet in die middae beskikbaar wees wanneer beserings op die rugbyveld tydens oefeninge sou plaasvind.

## 3.12 Beserings

Indien 'n speler 'n wedstryd gaan misloop weens siekte, geld die volgende reëls:

- Indien dit 'n A-span speler is, en die afrigter vroegtydig kennis kry, word 'n geskikte reserwe in die afwesige speler se plek gekies.
- Indien die afrigter kort voor die wedstryd kennis kry moet een van die span se reserwes in die afwesige speler se plek speel.
- Daarom is dit noodsaaklik dat daar ten alle tye reserwes beskikbaar moet wees, ook terwyl wedstryde afgehandel word.

- Die reserwes moet reg geklee wees en (regoor die middellyn) sit, binne die tegniese area wat daar gestel is om op die veld te gaan indien daar 'n besering is.

### 3.13 Toere

- Dit is nie verpligtend nie.
- Reël 'n ouervergadering voordat finale reëlings getref word. Tydens die vergadering word die ouers breedvoerig ingelig oor die toer. Die uiteensetting van die koste moet tot in die fynste besonderhede aan die ouers voorgelê word.
- Spelers word voorsien van briewe waarin alle reëlings asook die koste verduidelik word.
- Die koste vir die toer kan nie deur die skool gedra word nie. 'n Leerder wat dus nie die volle geld betaal het voordat die toer begin nie, sal nie die toer kan meemaak nie. Daar kan van borge gebruik gemaak word.
- Borgbriewe kan deur die skool aan die spelers/ouers voorsien word. Elke brief moet genommer word en aangeteken word teenoor die speler/ouer se naam. Die toerorganiseerder moet kontrole uitoefen dat elke borgbrief terugbesorg word en die geld wat verkry is, inbetaal is.
- Geen skoolgeld sal aangewend word vir toere nie. Geld vir toere moet deur die leerders self betaal word, of daar moet borge gewerf word.
- Aan die einde van die toer moet al die nodige dokumentasie terug gehandig word.

## 4. Begroting

- Die organiseerder in samewerking met die afrigters stel jaarliks voor die einde van September, 'n begroting op vir die volgende jaar.
- Slegs dit waarvoor begroot is, mag aangekoop word.
- Aankope geskied soos deur die Finansiële Beleid van Laerskool Krugerpark bepaal.

## 5. Kleredrag

5.1 Rugbytruie en broeke:

- Afrigters is verantwoordelik om sover moontlik borge te kry vir sy span se truie, waar dit nie moontlik is nie, word dit deur die skool aan die spelers voorsien. Alle spanne se truie lyk dieselfde, behalwe die eerste span se truie. Die amptelike kleure van die skool moet in die truie voorkom. Elke afrigter is verantwoordelik vir die beheer en kontrole van sy span se truie deur die seisoen. Wanneer die seisoen verby is, moet die volledige stel truie weer terugbesorg word. Borge se name mag op die truie vertoon word.

- Alle spanne speel met 'n blou broekie, behalwe die eerste span wat met ander broekies mag speel.
- Spelers moet ten alle tye baie netjies wees. Alle skoolreëls ten opsigte van hare en voorkoms moet deur die speler eerbiedig word.
- Alle spelers moet ten alle tye Laerskool Krugerpark se positiewe beeld uit dra.
- Tydens liga wedstryde sal leerlinge verplig wees om in die skool se amptelike rugby drag deel te neem.
- Tydens vriendskaplike wedstryde kan leerlinge met ander Rugby drag deelneem maar moet deur rugbykomitee goedgekeur word.
- Geen leerling sal toegelaat word om in enige ander skool se Rugby drag deel te neem nie.

**6. Kursusse**

6.1 Skeidsregters

Skeidsregters moet bereid wees om kursusse by te woon om sodoende op hoogte te bly van die nuutste reëls en interpretasie daarvan.

6.2 Afrigters

Afrigters moet gereeld kursusse bywoon om op hoogte te bly van die nuutste afrigtingstegnieke en om sodoende hul eie vaardighede uit te brei.

**7. Grieweprosedure**

- Alle griewe moet skriftelik by die span voorsitter ingedien word.
  Die kanaal vir prosedure is:
  - Span voorsitter.
  - Rugbykomitee voorsitter.
  - Hoof.
- Enige griewe rakende spankeuse moet skriftelik by die Rugby komitee ingedien word.
- Die Rugby komitee sal dan byeenkom om die dispuut op te los.

**8. Ouers en Toeskouers**

- Ouers se ondersteuning word ten alle tye hoog op prys gestel.
- Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem het, moet dit skriftelik by die span voorsitter ingedien word.
- Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens wedstryde/oefeninge mag deur die betrokke afrigter, organiseerder of lid van die personeelbestuur gevra word om die terrein te verlaat.
- Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

**9. Vervoer**

- Daar moet toestemming van die Onderwysdepartement verkry word as leerders vervoer moet word. Die nodige dokumentasie moet ten minste twee weke voor die aanvang van die wedstryd ingestuur word vir goedkeuring.
- Skool maak van sy eie vervoer gebruik.
- Skool voertuie moet ten alle tye padvaardig wees.
- Spelers betaal busgeld soos bepaal deur die skool.

**10. Prysuitdeling**

Daar word na afloop van die seisoen 'n Rugby prysuitdelingsfunksie gehou. Die prysuitdelingsfunksie moet saam met Laerskool Krugerpark se prysuitdelings-funksie gelees word.

Tydens die prysuitdelingsfunksie word die volgende toekennings gemaak:

- Beste voorspeler
- Beste vordering
- Beste rugbyspeler van die span.

Bogenoemde word per span toegeken. Afrigter bepaal self wie vir die toekenning kwalifiseer.

Wenners en naaswenners van die liga ontvang 'n rugbysertifikaat. Tydens die skool se prysuitdeling ontvang spanne wat aan Limpopo uitspeelwedstryde toekennings soos bepaal deur Prysuitdelingsbeleid. Afrigters moet self borge kry vir trofeë. Rugbyorganiseerder doen dan die aankope sodat trofeë eenvormig is.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

____________________________ ________________________

Beheerliggaamvoorsitter Hoof: Laerskool Krugerpark